# FASETTE VAN DIE LANDELIKE VESTIGING VAN BLANKES IN SUIDWES-AFRIKA, 1915-1931

*E.R. Coetzee*

*Departement Geskiedenis, Randse Afrikaanse Universiteit*


## INLEIDING

Die inval en verowering van Suidwes-Afrika deur die Unie-troepe in 1915 het nie net verreikende politieke en konstitusionele veranderinge vir die gebied meegebring nie, maar ook die landelike karakter op baie terreine beïnvloed. Die proses van landelike verandering het reeds in die tydperk van militêre bestuur (1915-1920) momentum begin kry en na 1920 versnel — van die tipies Duitse karakter wat gedurende die tydperk 1884-1915 in Suidwes-Afrika ontwikkel het na landelike eienskappe met 'n Afrikaanse inslag.

Reeds tydens die Duitse bewind het die suidelike dele van Suidwes-Afrika 'n Afrikaanse karakter verkry as gevolg van die Afrikaanse boere wat voor en tydens dié bewind daar aanwesig was.[1] Daar was ook sekere gebiede in die land — die sogenaamde Duitse distrikte (onder meer Karibib, Okahandja en Omaruru) — wat lank ná die Unie-oorname hul tipies Duitse landelike eienskappe behou het. Landelike verandering is gewoonlik 'n langsame proses en hou nie noodwendig tred met politieke verandering wat soms snel plaasvind nie.

Tussen 1915 en 1931 kan vier duidelike fases van landelike ontwikkeling onderskei word. Eerstens was daar die tydperk van militêre bestuur waartydens setlaars uit die Unie meestal met veetroppe spontaan en ongeordend na Suidwes-Afrika beweeg het. Gedurende dié periode het nog geen wetgewing met betrekking tot 'n Blanke nedersettingsbeleid bestaan nie. Amptenare en instansies wat by landelike vestiging betrokke was, het egter van die bestaande krygswetmaatreëls gebruik gemaak om die invloei en vestiging van nuwe Blanke boere meer planmatig te laat geskied.

Met die aanname in 1920 van die nedersettingswette van die Unie van Suid-Afrika in Suidwes-Afrika het die tweede fase van landelike ontwikkeling begin. Dit het 'n meer geordende invloei van Blankes (meestal trekboere) tot gevolg gehad. Gedurende hierdie vestigingsfase — wat tot 1925 sou duur — het die belangstelling in Suidwes-Afrika geweldig toegeneem en 955 nuwe regeringsplase is in dié tyd toegeken. Vanweë hul ligging het die suidelike distrikte soos Keetmanshoop, Gibeon, Bethanien, Warmbad en Maltahöhe die grootste aantal nuwe setlaars gelok (tabel 1).[2] Hierdie boere, meestal Afrikaners, het saam met dié wat hulle in die Duitse tyd in die suide gevestig het 'n sterk Afrikanerkarakter aan hierdie dele van die land verleen.




**TABEL 1**

**AANTAL REGERINGSPLASE ONDER LANDNEDERSETTINGSVOORWAARDES PER DISTRIK IN SUIDWES-AFRIKA VERVREEM, 1920-1925**

| Distrik | Jaar | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1920 | 1921 | 1922 | 1923 | 1924 | 1925 | |
| *Suide* | | | | | | | |
| Keetmanshoop | 37 | 22 | 7 | 7 | 7 | 1 | 81 |
| Gibeon | 14 | 1 | 37 | 10 | 38 | 27 | 127 |
| Bethanien | 4 | 9 | 4 | 7 | 7 | 4 | 35 |
| Warmbad | 25 | 41 | 4 | 4 | 8 | 4 | 86 |
| Maltahöhe | 9 | 6 | 6 | 4 | 2 | 4 | 31 |
| Aroab | 0 | 39 | 6 | 2 | 4 | 5 | 56 |
| | | | | | | | 416 |
| *Sentraal* | | | | | | | |
| Gobabis | 40 | 31 | 35 | 16 | 13 | 13 | 148 |
| Okahandja | 7 | 24 | 14 | 2 | 8 | 8 | 63 |
| Rehoboth | 9 | 28 | 9 | 6 | 9 | 11 | 72 |
| Windhoek | 15 | 26 | 8 | 3 | 6 | 11 | 69 |
| Karibib | 5 | 1 | 2 | 0 | 5 | 1 | 14 |
| | | | | | | | 366 |
| *Noorde* | | | | | | | |
| Omaruru | 10 | 10 | 4 | 1 | 3 | 2 | 30 |
| Grootfontein | 0 | 1 | 0 | 1 | 1 | 1 | 4 |
| Outjo | 4 | 2 | 3 | 4 | 2 | 11 | 26 |
| Otjiwarongo | 4 | 32 | 20 | 10 | 29 | 18 | 113 |
| | | | | | | | 173 |
| TOTAAL | 813 | 273 | 159 | 77 | 142 | 121 | 955 |

[1] I. GOLDBLATT, *History of South West Africa from the beginning of the nineteenth century* (Kaapstad, 1971), pp.172-173.

[2] Afgiefbewaarplek van die Gebied, Windhoek (ABG), Notule van die Landraad van Suidwes-Afrika 2-7 (1920-1925); U.G.26-1921, U.G.32-1922, U.G.21-1923, U.G.21-1924, U.G.33-1925 en U.G.26-1926 UNION OF SOUTH AFRICA, *Report of the Administrator of South West Africa for the year...* 1920-1925 (Pretoria, 1921-1926).


Ná 1925 het die invloei van Blanke setlaars begin afneem en 'n periode van landelike konsolidasie is betree. Hierdie fase sou tot ongeveer 1928 duur.

Die koms van die Angola-boere na die platteland van Suidwes-Afrika in 1928 het die vierde vestigingstydperk ingelui en kan as die belangrikste enkele ontwikkeling ten opsigte van Blanke landelike vestiging tussen 1915 en 1931 beskou word.

Landelike uitbreidingsprogramme vir Blankes het tussen 1932 en 1935 tot stilstand gekom veral as gevolg van die depressie en die groot droogte gedurende hierdie jare.[3] Die hoofrede was egter omdat die Administrasie van Suidwes-Afrika tot die slotsom gekom het dat daar nie met plattelandse uitbreiding voortgegaan kan word alvorens die probleme wat die reeds gevestigde setlaars ondervind het uit die weg geruim was nie.[4]

## DIE MILITÊRE TYDPERK

Alhoewel daar 'n sporadiese invloei van Blanke boere in Suidwes-Afrika was gedurende die maande (Februarie-Julie 1915) van militêre aksie het die werklike groot en onbeheerde invloei eers ná die ondertekening van die akte van oorgawe te Khorab op 9 Julie 1915 plaasgevind. Aangesien die Duitse instromingsbeheermaatreëls nie meer van krag was nie, het boere uit die Unie,[5] en veral vanaf die noordwestelike dele van die Kaapprovinsie, van die kans gebruik gemaak om na Suidwes-Afrika te gaan.



*Ramansdrif, 'n bekende oorgang oor die Oranjerivier vir trekkers onderweg na Suidwes-Afrika.* *

Die militêre owerheid kon egter nie grond op 'n permanente basis aan dié intrekkers vervreem nie en 'n stelsel van weilisensies is ingestel om hulle van tydelike verblyf te voorsien. Volgens die weilisensiestelsel is onbesette, opgemete plase met 'n konstante watervoorraad op 'n maandelikse basis of teen 'n weidingsfooi (2½ pennies per kop vir grootvee en 25 pennies per honderd kleinvee per maand) aan die intrekkers uit die Unie aangebied. Gedurende die militêre periode is ongeveer 1 080 plase ingevolge hierdie stelsel benut.[6]

Reeds vroeg in 1915 het die owerheid besef dat dié weilisensiestelsel 'n onbevredigende wyse van grondbenutting was. Dit het geen permanensie in die boerderybedryf van die land meegebring nie want sodra watervoorrade en weiding in 'n sekere streek skaars begin raak het, het die veeboere na ander gebiede verskuif. Dit het die stabiliteit van die plattelandse vestiging van Blankes benadeel.

Om 'n beter greep op die boere te verkry en sodoende 'n gesonder grondbenuttingsprogram daar te stel, wou die regering 'n permanente nedersettingsbeleid neerlê.[7] Ten spyte van sy teenkanting teen die weilisensiestelsel moes die regering dit weens 'n gebrek aan lewensvatbare alternatiewe tog aanvaar en implementeer. Eers in 1920 is 'n program vir permanente landnedersetting geskep en kon begin word om dié stelsel uit te faseer en die negatiewe newe-effekte daarvan die hoof te bied.

Die ekonomiese posisie van die setlaars wat gedurende die militêre periode na Suidwes-Afrika beweeg het, het gewissel van brandarm tot welgesteld. 'n Gemeenskaplike faktor was nietemin dat omtrent almal veeboere was. Dit wil egter voorkom asof die meeste boere wat hulle onmiddellik ná 1915 na Suidwes-Afrika gewend het uit die minder gegoede groepe afkomstig was. Baie van hulle was ook nie op permanente vestiging ingestel nie want sommige het die trek na Suidwes-Afrika as 'n natuurlike uitbreidingsproses oor die Oranjerivier beskou — dieselfde dus as die beweging van die Kaapse veeboere na beter weidingsgebiede in die 18de eeu. Aangesien die meeste van die nuwe intrekkers vertroud was met die boerderyomstandighede van die noorden noordwestelike Kaapprovinsie kon hulle maklik aanpas in die suidelike dele van Suidwes-Afrika waar toestande feitlik dieselfde was. Hulle was gewoond aan die droë aard van die gebied en vertroud met ekstensiewe kleinveeboerdery.[8]

## JARE VAN UITBREIDING, 1920-1925

Die nedersettingswette van die Unie van Suid-Afrika is in 1919 met geringe wysigings deur die Suidwes-Afrika-Mandaatwet van dieselfde jaar op dié gebied van toepassing gemaak.[9] Die hoofdoelwit van dié wette was om Blankes wat nie in staat was om private grond te bekom nie, te help om staatsgrond teen billike finansiële voorwaardes te verkry.[10] Op hierdie wyse wou die regering die platteland van Suidwes-Afrika met 'n permanente boeregemeenskap bevolk. Meer as 2 miljoen hektaar grond in die distrikte Keetmanshoop, Warmbad, Omaruru, Outjo, Bethanië, Maltahöhe, Okahandja, Grootfontein, Gobabis, Otjiwarongo en Gibeon is egter nie vir Blanke vestiging oopgestel nie omdat dit vir die uitsluitlike gebruik van Nie-Blanke stamme soos die Nama, Damara en Herero gereserveer is.[11]

Kragtens proklamasie 14 van 25 Februarie 1920 is die res van Suidwes-Afrika vir nedersettingsdoeleindes oopgestel en die nedersettingswet van 1912 van die Unie van Suid-Afrika in gewysigde vorm op die gebied toegepas. Die wet het onder meer voorsiening gemaak vir die daarstelling van 'n

* Alle foto's met vergunning van die Argiefbewaarplek van die Gebied, Windhoek.

[3] E.R. COETZEE, *Die geskiedenis van landelike vestiging van Blankes in Suidwes-Afrika, 1915-1931* (M.A., RAU, 1982), pp.249-263.

[4] U.G.17-1932 UNION OF SOUTH AFRICA, *Report by the Administrator of South West Africa for the year 1931* (Pretoria, 1932), p.29.

[5] M.M. NIEUWOUDT, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika* (Windhoek, 1979), pp.167-168.

[6] W.S. BARNARD, *Die streekspatrone van Suidwes-Afrika* (D.Phil., US, 1964), pp.203-204. Vergelyk ook S.J. SCHOEMAN, *Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, 1915-1920* (M.A., UNISA, 1975), pp.161-162.

[7] ABG, A312 9 Korrespondensie van die Administrateur en Administrasie, Suidwes-Afrika, Item 25, Land settlement in South West Africa: Report by Administrator, 1939, p.1.

[8] COETZEE, *op. cit.*, pp.63-64.

[9] ABG, A312 9, Item 25, Land settlement: Summary by A.N. Rowan, 12.3.1925, p.16.

[10] *Ibid.*, pp.16-17.

[11] J.P. v. S. BRUWER, *South West Africa: the disputed land* (Kaapstad, 1966), pp.92-93.

Landraad vir Suidwes-Afrika[12] wat ná 1920 'n belangrike rol gespeel het in die ontplooiing van die nuwe nedersettingsbeleid ten opsigte van Blankes. Die Landraad was 'n adviserende liggaam wat as skakel opgetree het tussen die boeregemeenskap en die Administrasie en was ook belas met die taak om die landelike vestiging van Blankes te koördineer en te administreer. Van sy belangrikste aktiwiteite was die toekenning van plase, inspeksies om nuwe gebiede vir vestiging oop te stel en verslae oor die vordering van setlaars aan wie plase toegeken is.[13]



*Landraad van Suidwes-Afrika, 1920.*
*Voor (v.l.n.r.): Kol. M.J. de Jager, J. Adams en G.C. MacKenzie.*
*Agter (v.l.n.r.): H. de Waal, G. Schneider en maj. H.S. Pretorius.*

Tabel 1 toon duidelik aan waarom die jare 1920-1925 as 'n uitbreidingsfase ten opsigte van Blanke landelike vestiging beskou kan word. Uit die gegewens kan terselfdertyd 'n aantal belangrike gevolgtrekkings oor vestigingsneigings tussen 1920 en 1925 gemaak word. Die meeste plase is in die sentrale distrik Gobabis toegeken omdat dit een van die eerste distrikte was wat ná 1920 deur die Landraad geïnspekteer en waar nuwe plase beskikbaar gestel is.[14] Verder was dit ook 'n voorkeurgebied vir beesboerdery en dus gewild onder grootveeboere. Naas Gobabis toon Gibeon (in die suide) en Otjiwarongo (in die noorde) die meeste plaasvervreemdings. Hierdie besettingsyfers toon dat die Administrasie gepoog het om 'n redelik eweredige Blanke landelike nedersettingspatroon in Suidwes-Afrika te bewerkstellig.

Ten spyte van die hoë plaasbesetting in die sentrale Gobabisgebied is die meeste plase streekgewys in die suidelike distrikte toegeken. In die sentrale dele is die tweede meeste toekennings gemaak, dog die noordelike distrikte — veral Omaruru, Grootfontein en Outjo — het in dié jare min aftrek gekry. Otjiwarongo was die uitsondering en het 'n redelik konstante vervreemding oor die vyf jaar gehad. Redes waarom sekere distrikte in die noordelike en sentrale distrikte nie so gewild was nie, is uiteenlopend. Omaruru en Karibib was tradisionele Duitse distrikte en baie plase daar was reeds beset. Alhoewel daar reeds 'n spoorwegverbinding tussen Grootfontein en die kus bestaan het,[15] was boere huiwerig om hulle daar te vestig weens die groot afstande en gevolglike hoë vervoerkoste na afsetgebiede.[16]

Die gewildheid van Otjiwarongo in die jare kan onder meer aan die goeie weiding vir beeste toegeskryf word. Baie van die soldate wat aan die inval in Suidwes-Afrika in 1915 deelgeneem het, was so beïndruk met die gunstige boerderytoestande dat hulle begerig was om hulle in die distrik te vestig. Aangesien sommige nog militêre verpligtinge gehad het, kon hulle plase nie dadelik beset nie. Ná die tydperk van militêre bestuur, toe normale nedersettingstoestande ingetree het, het van die eertydse soldate weer die land binnegekom en hulle in distrikte soos Otjiwarongo gevestig.[17]

Die meeste plase is in 1920 en 1921 vervreem maar weens die ekonomiese depressie en droogte is minder plase in 1923 toegeken. Die vervreemdings gedurende 1924 en 1925 was bestendig hoewel dit 'n afname getoon het. Daar bestaan ook 'n verband tussen die aantal plase wat vir vervreemding geadverteer is en die getal aansoeke daarvoor ontvang. Tussen 1920 en 1925 is 1 191 plase geadverteer, terwyl 5 157 aansoeke daarvoor ontvang is, dit wil sê ongeveer 4,32 aansoeke per plaas. Vir die jare 1926 tot 1930 is 359 plase geadverteer en 3 007 aansoeke is daarvoor ontvang. Ten spyte van 'n afname in aanbod én aanvraag was daar 'n styging in die getal aansoeke per geadverteerde plaas, naamlik 8,38. Dit blyk dus dat ten spyte van 'n afname in plaasaanbiedings, die gewildheid van die land se landelike nedersettingsmoontlikhede by Blankes deurgaans groot was.

## UITBREIDINGS- EN KONSOLIDASIEJARE, 1925-1931

Tot 1925 het die invloei van nuwe Blanke boere redelik spontaan plaasgevind. Van 1926 af was daar egter 'n afname in die landelike vestiging en het die Administrasie besluit om setlaars op 'n meer doelgerigte wyse na die land te lok.[18] Ten spyte van volgehoue belangstelling in Suidwes-Afrika was die kwaliteit van persone wat vir plase aansoek gedoen het nie meer na wense nie. Namate die Administrasie meer klem op die gehalte van voornemende nedersetters gelê het, het die Landraad ook strenger keuring toegepas.[19] Tog was die owerheid vasbeslote om nie toe te laat dat die tempo van Blanke landelike vestiging wat in die jare 1920 tot 1925 so voorspoedig verloop het, afneem nie.[20]

Om nuwe landelike vestiging doelgerig aan te wakker, is twee blokke grond dus uitgesit vir 'n spesiale Unielandnedersettingskema waar grond spesiaal opsygesit is vir nuwe Blanke setlaars uit die Unie. Die Unieregering het sowat

[12] ABG, A312 9, Item 25, Land settlement: Summary by A.N. Rowan, 12.3 1925, pp.16-17.

[13] COETZEE, *op. cit.*, pp.124-140.

[14] ABG, Notule van die Landraad van Suidwes-Afrika 3 : Notule, 4.2. 1921, pp.1-3.

[15] G. POOL, *Pionierspoorweë in Duits-Suidwes-Afrika, 1897-1915* (Pretoria, 1982), p.1.

[16] ABG, A312 8, Item 23, Land Bank 1919-1922: Report on the Grootfontein district in South West Africa by the Local Board of the Land Bank ..., 3.10.1921, pp.1-7.

[17] Mededelings deur dr. P.S. van der Merwe, Windhoek, 26.4.1982.

[18] *South West Africa, its possibilities* (Windhoek, 1925), p.17.

[19] ABG, SWAA-reeks 1921-1930 (Afdeling 2), Ongeregistreerde materiaal: Notule van Adviesraad, 7.9.1926, p.7.

[20] ABG, A312 13, Item 42, Land settlement (special scheme) and boring, 1925: G.R. Hofmeyr — N.C. Havenga, 7.9.1926, p.7.

£200 000 bewillig, hoofsaaklik om boorwerk in dié nuwe gebiede te onderneem.[21] In tabel 2 word 'n beeld gegee van die grond wat ingevolge hierdie skema gereserveer is.[22]

**TABEL 2**

**GROND IN 1925 IN SUIDWES-AFRIKA VIR DIE SPESIALE UNIE-LANDNEDERSETTINGSKEMA GERESERVEER**

*Fase 1*

| Distrik | Aantal blokke | Grootte in hektaar | Aantal plase |
|---|---|---|---|
| Keetmanshoop | 1 | 100 000 | 10 |
| Gibeon | 1 | 50 000 | 5 |
| Gobabis | 3 | 300 000 | 34 |
| Grootfontein | 1 | 50 000 | 10 |
| Kaokoveld | 1 | 1 000 000 | 200 |
| TOTAAL | 7 | 1 500 000 | 259 |

*Fase 2*

| Distrik | Aantal blokke | Grootte in hektaar | Aantal plase |
|---|---|---|---|
| Aroab | 1 | 50 000 | 5 |
| Maltahöhe | 2 | 100 000 | 10 |
| Gibeon | 1 | 200 000 | 20 |
| Rehoboth | 1 | 50 000 | 5 |
| Windhoek | 1 | 50 000 | 6 |
| Otjiwarongo | 1 | 100 000 | 12 |
| Outjo | 2 | 200 000 | 25 |
| TOTAAL | 9 | 750 000 | 83 |

Grond wat vir die tweede fase gereserveer is, sou aan setlaars beskikbaar gestel word sodra alle grond in Fase 1 vervreem was. Uit hierdie gegewens blyk dit ook dat Blanke nedersetting in die suidelike dele 'n versadigingspunt genader het en dat baie meer regeringsgrond in die noordelike as suidelike dele vir landelike vestiging beskikbaar was.

Die tempo waarteen grond onder die spesiale skema beset is, was baie stadig en die skema het geensins aan die verwagtinge voldoen nie. Een van die hoofredes waarom setlaars onwillig was om dié grond te beset, was omdat daar op baie plase nie water beskikbaar was nie.[23] Met die koms van die Angola-boere na Suidwes-Afrika in 1928 was soveel plase nog beskikbaar dat baie aan die nuwe intrekkers toegestaan is. Dit was veral die geval in die distrikte Gobabis, Otjiwarongo en Outjo. Daar was duidelik nie meer so 'n groot belangstelling uit die Unie vir landelike vestiging in Suidwes-Afrika as kort ná 1920 nie. Dit wou voorkom asof diegene wat graag in Suidwes-Afrika wou gaan boer, hulle planne teen 1925 ten uitvoer gebring het. Gevolglik het die Administrasie besef dat Blanke setlaars van die regte kaliber daadwerklik gewerf sou moes word aangesien net bloot gunstige nedersettingsvoorwaardes nie meer mense na die land gelok het nie.

Onderstaande tabel[24] weerspieël die sterk afname in die besetting van nuwe plase ná 1925. Dit is veral van belang om die totale besettingsyfer vir 1920-1925, naamlik 955 (kyk tabel 1), te vergelyk met die 381 vir 1926-1930.

[21] *Ibid.*: G.R. Hofmeyr — P.G.W. Grobler, 8.6.1925, p.3.
[22] *Ibid.*: G.R. Hofmeyr — E.H.L. Gorges, 8.6.1925, p.3.
[23] *Ibid.*: De Vos — G.R. Hofmeyr, 24.10.1925, p.1.
[24] Gegewens verwerk uit jaarverslae van die Administrateur van Suidwes-Afrika 1926-1930, en ABG, Notule van die Landraad van Suidwes-Afrika 8-9 (1926-1927) en 11-12 (1929-1930).

*Op die droë, klipperige trekpad in die suide van Suidwes-Afrika.*



TABEL 3

**AANTAL REGERINGSPLASE ONDER LANDNEDERSETTINGSVOORWAARDES PER DISTRIK IN SUIDWES-AFRIKA VERVREEM, 1926-1930**

| Distrik | Jaar | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1926 | 1927 | 1928 | 1929 | 1930 | |
| *Suide* | | | | | | |
| Keetmanshoop | 18 | 5 | 1 | 4 | 1 | 29 |
| Gibeon | 20 | 11 | 3 | 6 | 2 | 42 |
| Bethanien | 10 | 4 | 3 | 1 | 2 | 20 |
| Warmbad | 3 | 3 | 0 | 1 | 1 | 8 |
| Maltahöhe | 2 | 0 | 0 | 1 | 3 | 6 |
| Aroab | 2 | 2 | 0 | 5 | 0 | 9 |
| | | | | | | 114 |
| *Sentraal* | | | | | | |
| Gobabis | 12 | 25 | 8 | 13 | 10 | 68 |
| Okahandja | 9 | 1 | 1 | 1 | 1 | 13 |
| Rehoboth | 8 | 9 | 1 | 2 | 0 | 20 |
| Windhoek | 21 | 6 | 6 | 3 | 3 | 39 |
| Karibib | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| | | | | | | 141 |
| *Noorde* | | | | | | |
| Omaruru | 0 | 3 | 0 | 3 | 0 | 6 |
| Grootfontein | 1 | 2 | 0 | 4 | 6 | 13 |
| Outjo | 6 | 9 | 21 | 36 | 2 | 74 |
| Otjiwarongo | 14 | 11 | 0 | 6 | 2 | 33 |
| | | | | | | 126 |
| TOTAAL | 127 | 91 | 44 | 86 | 33 | 381 |


Dié stelselmatige vermindering in die toekenning van nuwe regeringsplase het die Administrasie genoop om sy nedersettingsbeleid, wat sedert 1920 hoofsaaklik op uitbreiding gerig was, te wysig en in 1931 is amptelik verklaar:

> In view of the serious conditions created by the financial depression which very adversely affected the farming community, and in order to curtail expenditure on land settlement as much as possible it was decided rather that to continue placing new settlers on the land, to concentrate on assisting settlers to tide over the financial crisis and to keep them on their holdings.[25]

Tog moet dit nie uit die oog verloor word nie dat die algemene Blanke nedersetting vir alle praktiese doeleindes reeds in 1928 opgeskort is in afwagting van die koms en vestiging van die Angola-boere. Die drastiese inkorting van die algemene vestiging ná 1928 en die besluit om eerder 'n konsolidasie- as 'n uitbreidingsbeleid te volg, is voorts beïnvloed deur 'n geweldige droogte tussen 1929 en 1933 en 'n ekonomiese depressie wat ook in 1929 begin het.[26]

## VESTIGING VAN DIE ANGOLA-BOERE

Die Angola-boere was nasate van die Dorslandtrekkers wat gedurende die laaste kwart van die vorige eeu uit Transvaal deur die Kalahari na Suidwes-Afrika getrek het. Ná verskeie mislukte pogings om permanente verblyf in Suidwes-Afrika te verkry, het die Dorslandtrekkers hulle uiteindelik in 1881 in Angola gevestig en vir byna 50 jaar hier gewoon. Die belangrikste nedersettingsentra was Humpata, Que, Caconda en Mombolo.[27] In 1928 het die Angola-boere weens 'n reeks probleme met die Portugese owerhede besluit om die land te verlaat.[28] Na onderhandelings en besprekings tussen die Suid-Afrikaanse regering, afgevaardigdes van die Angola-boere en die Administrasie van Suidwes-Afrika is besluit dat die Angola-boere toegelaat sou word om na Suidwes te verhuis en dat hulle in die distrikte Gobabis, Gibeon, Grootfontein en Otjiwarongo gevestig sou word. Ongeveer 1 900 persone het Angola uiteindelik verlaat en slegs 'n klein groepie het besluit om nie te verhuis nie.[29]



*Swartbooisdrif in die Kunenerivier waar die Angola-boere Suidwes-Afrika gedurende 1928-1929 binnegetrek het.*

### *Die Gobabis-nedersetting*

In hierdie nedersetting, ook genoem die Hertzogblok, is uiteindelik 87 plase aan 121 Angola-boere toegeken; ongeveer 34 boere het dus plase in vennootskap gekry. Die blok is vernoem na genl. J.B.M. Hertzog weens sy belangrike bydrae om die Angola-boereskema van stapel te stuur en die simpatie wat hy met dié mense se probleme gehad het. Die Hertzogblok was geleë aan die oostekant van Gobabis en het tot teen die grens van die destydse Betsjoeanaland gestrek. Aangesien weiding in die distrik hoofsaaklik vir grootvee geskik was, het die Administrasie boere aangeraai om hulle op beesboerdery toe te lê, ofskoon sommige tog met kleinvee geboer het.

Weens die groot getalle Angola-boere wat hulle in Gobabis gevestig het, is 'n sterk element van dié pioniers vandag nog in die distrik aanwesig. Die name van plase soos Mombolo, Humpata, Welkom en Hertzog herinner ook sterk aan die vestiging in hierdie periode. Ernst T. Meyer is as superintendent van die nedersetting aangestel en hy het 'n groot rol gespeel om die vestiging en boerderybedrywighede van die Angola-boere gedurende die eerste vestigingsjare op 'n lewensvatbare grondslag te plaas.[30]

Die vroeë vestigingsjare was nie altyd voorspoedig nie. Bek-en-klouseer en gallamsiekte het groot skade aan die

[25] U.G.17-1932, p.29.

[26] COETZEE, *op. cit.*, pp.261-263 en 285.

[27] J.P. JOOSTE (samesteller), *Gedenkboek van die Dorslandtrek* (Potchefstroom, 1974), pp.13-56.

[28] COETZEE, *op. cit.*, pp.182-188.

[29] ABG, A312 24, Item 84C: Minutes of conference at Windhoek, 21.2.1928, pp.1-2.

[30] ABG, Angola-boere Versameling (ABV) 1/1/65 Ongeregistreerde korrespondensie 34, Lêer 4a: Verslag deur E. Meyer oor Gobabis-nedersetting, 1932.

Angola-boere se beeskuddes veroorsaak. Die Administrasie het fosfaat, sout en beenmeel teen spesiale lae pryse aan die boere verskaf in 'n poging om die beeste se weerstandsvermoë teen veesiektes te verhoog. Ernst Meyer het egter in Oktober 1929 verklaar dat hierdie hulp nie die probleme van veesiektes opgelos het nie. Hy meld dat op dertien van die plase van Angola-boere in die Hertzogblok 91 beeste reeds gevrek het en dat 141 siek was.[31]

Veeverliese onder die Angola-boere in die Gobabisdistrik was so groot dat daar in 1936 slegs sowat 4 000 beeste oor was. In 1929 het die Suidwes-Administrasie ongeveer 4 400 beeste aan die verskillende Angola-boere verskaf. Oor 'n tydperk van sewe jaar het daar dus, ten spyte van die natuurlike aanwas, 'n daling in die totale aantal beeste van die Angola-boere voorgekom.[32]



*Van die vragmotors waarmee die Angola-boere en hul besittings na Suidwes-Afrika vervoer is.*

### *Die Gibeon-nedersetting*

Die Gibeon-nedersetting was aansienlik kleiner as dié by Gobabis, want slegs 32 plase is in die omgewing van Aranos aan 47 Angola-boere toegeken. Hierdie nedersettingsgebied was in drie blokke verdeel, naamlik die Maarskalkblok, die Jacksonblok en die Verenigde Nossob. Die plase wat aan Angola-boere toegeken is, was meestal oos van Aranos[33] maar enkeles was ook ten weste daarvan geleë.

Die boere het hulle meestal op kleinveeboerdery toegelê en die Administrasie het voorligting verskaf in verband met veesiektes, veeteelt, weidingsomstandighede en ander boerderyaspekte. Gedurende die droogte van 1929 tot 1933 het die Angola-boere in die Gibeon-nedersetting groot veeverliese gely toe 22 275 stuks kleinvee gevrek het. Die destydse administrateur van Suidwes-Afrika, A.J. Werth, het elke Gibeon-boer gedurende Augustus 1930 persoonlik besoek en hy was tevrede met die algemene vordering op boerderygebied aangesien veestapels in sommige gevalle met die helfte vermeerder het.[34]

Generaal S.G. (Manie) Maritz is aangestel as superintendent van die Gibeon-nedersetting. Hy het sy taak goed verrig en sodoende bygedra om die vestiging van die boere op 'n gesonde grondslag te plaas. Alhoewel probleme soos veesiektes en die onoordeelkundige sink van boorgate voorgekom het, was die algemene ontwikkeling van hierdie nedersettingsgebied tydens die aanvangsjare bevredigend. Die meeste setlaars het uiteindelik dan ook 'n sukses van hulle boerderyondernemings gemaak.

### *Die Grootfontein-nedersetting*

Op die kleinste nedersetting, dié by Grootfontein, is uiteindelik slegs 37 setlaars op 24 plase gevestig. Die plase wat aan die Angola-boere gegee is, was oos van Grootfontein en sommige het aan die huidige Hereroland-Wes gegrens. Boerderytoestande gedurende die vroeë vestigingsjare in dié distrik was ongunstig en ten spyte van die redelike goeie reënval het baie min boere welslae met die verbouing van mielies en graansorghum behaal.

Ook wat beesboerdery betref, het sake allermins voorspoedig verloop. Inspekteur B. Raath het byvoorbeeld in 1932 bevind dat selfs hele beeskuddes op sommige plase weens gallamsiekte, bek-en-klouseer en miltsiekte gevrek het.[35] In 1937 is egter aangedui dat dit ook 'n fout was van die Administrasie om beeste uit gebiede soos Windhoek, Rehoboth en Omaruru aan dié boere te verskaf, want hoewel van 'n goeie kwaliteit, was die diere nie gewoond aan die klimaat en weiding van Grootfontein nie en baie het gevolglik gevrek. Volgens W. Volkman moes beeste wat in dié distrik "gesout" was eerder aan die boere verskaf gewees het.[36]

Van die Angola-boere wat na Suidwes-Afrika verhuis het, was dié van die Grootfontein-nedersetting deur die meeste onstabiliteit gekenmerk. Daar was gereeld sprake van wegtrek na die Kaukauveld in die noordooste en versoeke is dikwels tot die Administrasie gerig dat ander plase aan hulle toegeken word.[37] Teen die helfte van 1935 is byvoorbeeld aanbeveel dat agt van hierdie boere se plase hulle ontneem word en hulle elders — verkieslik as bywoners — gevestig moes word.[38]

Die Administrasie moet ook deels die blaam kry vir die swak posisie van dié groep Angola-boere. Verslae oor dié nedersetting dui daarop dat die mense aanvanklik aangeraai is om met skape te boer. Die abnormale hoë vrektes onder kleinvee is meegebring deur die feit dat die weiding nie vir skape geskik was nie en het die meeste boere na die meer produktiewe beesboerdery gedwing. Nadat beeste in die distrik "gesout" was, het vrektes afgeneem tot uiteindelik die laagste van al die Angola-boerenedersettings. Sommige boere het egter weens die mislukte pogings om met skape te boer onherstelbare geldelike verliese gely of kon selfs nooit weer op die been kom nie. Gelukkig was die klimaat in Grootfontein geskik vir die kweek van vrugte en groente en baie boere kon daarmee 'n ekstra inkomste verseker. Hierdie vrugte- en groentetuine was later so suksesvol dat party boere dit tot 'n winsgewende bedryf in eie reg uitgebou het.[39]

[31] E.T. Meyer (samesteller), *Die koms van die Angola-boere na Suidwes-Afrika in 1928-1929* (Windhoek, 1969), pp.46-47.

[32] ABG, A312 24, Item 85, Correspondence, reports, memoranda and miscellaneous papers regarding Angola Trekkers: J.F.J. van Rensburg — D.G. Conradie, 14.1.1936, p.10.

[33] ABG, A98 Private aanwins: Herinneringe van E.C. Biermann, pp.33-34.

[34] ABG, A312 24, Item 84C: Minutes of conference at Windhoek, 21.2.1928, p.2.

[35] ABG, ABV 1/1/65 Geregistreerde korrespondensie 4, Lêer AB/A/1: Verslag deur B. Raath oor Grootfontein-nedersetting, Februarie 1933, pp. 1-2.

[36] ABG, SWAA-reeks 1920-1937 (Afdeling 1) A68/5/4, Settlement of Angola Boers in South West Africa: Report by W. Volkman concerning the Angola Farmer Settlements in the Grootfontein Flats, Windhoek, 1937, pp.1-2.

[37] ABG, ABV 1/1/65 Geregistreerde korrespondensie 4, Lêer AB/A/1: Verslag deur B. Raath oor Grootfontein-nedersetting, Februarie 1933, p.2.

[38] ABG, A312 24, Item 85: J.F.J. van Rensburg — D.G. Conradie, 14.1.1936, p.8.

[39] ABG, A312 24, Item 84a: Angola-boere-adviesraad, Windhoek, 12-13.2.1930, p.6.

*Die Otjiwarongo-nedersetting*

Hierdie nedersetting oos van Otjiwarongo[40] was ook bekend as die Osire-nedersetting of Osire-blok en het bestaan uit ongeveer 42 plase ten ooste van die Omuramba Omatako en sewe noordwes daarvan. Boere aan die oostekant in die Sandveld het aanvanklik gesukkel om op die been te kom omdat die veld baie swak was weens 'n besonder lae reënval in die gebied tussen 1929 en 1932. In 1937 het die Administrasie sommige van hierdie boere na die Gagarus-blok in die distrik Outjo oorgeplaas omdat hulle so swaar gekry het.[41] Die groep wat noordwes van die Omuramba Omatako geboer het, was in 'n gunstiger posisie omdat die veld oor die algemeen beter en die reënval van 1929 tot 1932 ook hoër was.[42]

Uiteindelik is 69 Angola-boere op 50 plase in die distrik Otjiwarongo gevestig. Die meeste het 'n sukses van hulle boerderyonderneming gemaak want luidens 'n verslag wat in 1932 oor hierdie groep opgestel is, het slegs vier boere 'n volslae mislukking van hulle boerdery gemaak, terwyl twaalf as "baie suksesvol" uitgesonder is.[43] Vier jaar later is tot die gevolgtrekking gekom dat sewentien van die plase in die Osire-blok weens die hoë voorkoms van gifbosse ongesond vir diere was en daar is aanbeveel dat die grondeienaars op ander plase hervestig word. Slegs agt boere se plase in dié nedersettingsblok is hulle uiteindelik ontneem omdat die Administrasie van mening was dat hulle geen belangstelling in boerdery getoon het nie.[44]

* * *

Die Angola-boereskema was tot in daardie stadium die grootste enkele Blanke vestigingskema wat in Suidwes-Afrika van stapel gestuur is. Dit kan dus ook as die belangrikste ontwikkeling ten opsigte van Blanke landelike vestiging tussen 1915 en 1931 beskou word.

Tog het die skema op die kort termyn beslis nie aan die verwagtinge voldoen nie. In 'n verslag van die Landnedersettingskommissie in 1935 is die verkwisting van geld, die vestiging op "ongesonde" plase en die voorsiening van duur en minderwaardige aanteelvee skerp veroordeel. Die verslag het voorts verklaar dat Angola-boere se plase tekens van agteruitgang getoon het. By sommige boere self kon 'n mate van morele en geestelike insinking bespeur word. In terme van bestendigheid was daar geen vooruitgang onder die



*Oorblyfsels van die Dorslandtrekkers se kerkgebou op Kaoko-Otavi in die Kaokoveld.*

boere nie dog hulle het in werklikheid stagnasie in die landelike gebiede meegebring. Die mening is ook gehuldig dat die boere nie hulle finansiële verpligtinge teenoor die Administrasie sou kon nakom nie en die kanse was bowendien gering dat hulle uiteindelik eie plase sou besit.[45]

Hierdie verslag was egter te eensydig en negatief want die Angola-boereskema het beslis sekere voordele ingehou. Eerstens het dié boere hulle gevestig in gebiede in Suidwes-Afrika waar tevore geen ander Blankes gewoon het nie. Hulle het dus met landelike ontwikkeling in streke begin waar die "ou setlaars" nie wou boer nie. So byvoorbeeld is die Kalahari-streek wat braak gelê het deur die Angolaboere beset en tot 'n belangrike boerderygebied ontwikkel. Tweedens het die boere die binnelandse mark deur handel versterk en sodoende die ekonomiese groei van die land gestimuleer. Die groei en ontwikkeling van die distrik Gobabis is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Laastens het dié mense ook 'n belangrike bydrae gelewer in alle sektore van Suidwes-Afrika se samelewing. Veral op maatskaplike, kerklike, politieke en opvoedkundige gebied het hulle die Blanke invloed in die land help verstewig.[46]

Die oorgrote meerderheid van hierdie Angola-boere het gebruik gemaak van die geleenthede wat Suidwes-Afrika hulle gebied het om hul lewensomstandighede en algemene welvaart te verbeter. Die Dorslandtrekkers het inderdaad


> 'n bate geword vir Suidwes-Afrika, en menige Afrikaner en Duitser wat destyds met veragting op hulle neergesien het, moes seker skaam voel as hulle besef in hoeverre die Setlaars en hulle kinders wat hier en in die Unie opleiding ontvang het, presteer het.[47]

Wat mensemateriaal en -potensiaal betref, was die Angola-boere as 'n groep ongetwyfeld 'n groot aanwins vir die land.[48]

## SAMEVATTING

Blankes wat Suidwes-Afrika tussen 1915 en 1931 binnegekom het, kan in drie hoofgroepe verdeel word. Eerstens was daar lede van die Uniebesettingsmag wat hoofsaaklik bestaan het uit soldate, polisiemanne en amptenare. Baie van hulle het die land egter ná die beëindiging van militêre bedrywighede verlaat, terwyl dié wat in die land agtergebly het, hoofsaaklik administratiewe, klerklike en toesighoudende funksies verrig het. Ofskoon enkeles hulle later wel permanent tot die boerdery gewend het en dus as landelike nedersetters bestempel kan word, het hulle nie 'n noemenswaardige rol gespeel in die vestiging van Blankes op die platteland van Suidwes-Afrika nie.

40 Mededelings deur dr. P.S. van der Merwe, Windhoek, 26.4.1982.
41 ABG, A98: Herinneringe van E.C. Biermann, p.30.
42 ABG, ABV-1/1/65 Ongeregistreerde korrespondensie 34, Lêer 5c: Verslag deur E.C. Biermann oor Otjiwarongo-nedersetting, September/Oktober 1932, pp.1-2.
43 *Ibid.*: Rangskikking van setlaars, Otjiwarongo-nedersetting, September/Oktober 1932, pp.3-4.
44 ABG, A312 24, Item 85: J.F.J. van Rensburg — D.G. Conradie, 14.1.1936, p.7.
45 ADMINISTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA, *Verslag van die Landnedersettingskommissie, 1 Maart 1935*, p.18.
46 Mededelings deur mnr. D.P.J. Opperman, Windhoek, 18.9.1980.
47 ABG, A98: Herinneringe van E.C. Biermann, p.28.
48 ABG, A312 24, Item 85: J.F.J. van Rensburg — D.G. Conradie, 14.1.1936, p.8, en Report by A.H. Broeksma on Angola Farmers, Bylae A, 1.6.1936, p.16.




Die tweede groep Blankes wat die land inbeweeg het, was boere uit die Unie van Suid-Afrika. Voor 1920 was hierdie groep oorwegend weilisensieboere en die meeste kan nie as permanente landelike setlaars beskou word nie al het sommige hulle as permanente boere op die platteland van Suidwes-Afrika gevestig nadat die nedersettingswette van krag geword het. Die belangrikste groep Unieboere was egter dié wat die land ná 1920 binnegekom het. Hierdie groep was in die eerste plek op permanente landelike vestiging ingestel en was meestal ook van die kapitaalkragtigste boere.

Die vestiging van die Angola-boere (die derde groep setlaars) op die platteland van Suidwes-Afrika kan as die belangrikste enkele landelike vestigingsaktiwiteit in die tydperk onder bespreking beskou word.

'n Ontleding van die belangrikste Blanke nedersettingsaktiwiteite tussen 1920 en 1930 toon dat die belangstelling in regeringsplase in Suidwes-Afrika deurgaans groot was. Die getal geadverteerde regeringsplase wat vir nedersetting beskikbaar was, het egter stelselmatig verminder sodat die vloei van nedersetters ná 1926 ook begin afneem het. Ongeveer 1 400 nuwe plase is tussen 1920 en 1930 vervreem, terwyl 15 200 aansoeke vir die 1 550 geadverteerde plase ontvang is.

Een van die belangrikste landelike veranderings ná 1915 was ten opsigte van die verspreiding van en die getal Duitsen Afrikaanssprekende boere, soos die meegaande kaart aantoon. In 1914 was Afrikanerboere hoofsaaklik tot die distrikte Warmbad, Keetmanshoop, Gibeon en Maltahöhe beperk, terwyl 'n klein getal ook in die distrikte Windhoek, Rehoboth, Gobabis, Grootfontein en Outjo gevestig was. In die sogenaamde Duitse distrikte (Karibib, Okahandja en Omaruru) was feitlik geen Afrikanerboere nie.

Teen 1931/1932 het dié situasie egter ingrypend verander aangesien 'n meerderheid Afrikaanssprekende boere toe in al die suidelike distrikte voorgekom het. Daar was ook 'n groot toename van Afrikaanssprekende boere in die distrikte Gobabis, Otjiwarongo, Outjo, Windhoek en Grootfontein. Selfs die voormalige suiwer Duitse distrikte (en veral Okahandja) het 'n beduidende getal Afrikanerboere bygekry. Hierdie toename sedert 1915 het die bevolkingsaard van Suidwes-Afrika aansienlik verander want teen 1931 het die eens oorwegend Duitse karakter op die platteland vir 'n meer Afrikaanse landelike karakter plek gemaak.

Ofskoon hul getalle relatief én reëel teenoor dié van die Afrikaners gedaal het, het die Duitsers steeds 'n belangrike posisie ten opsigte van grondbesetting en boerderybedrywighede beklee. Hulle boerderye was oor die algemeen op 'n hoë standaard en gedurende die beginjare van die nedersettingsfase het dié mense 'n stabiliserende invloed op die landelike posisie van die Blankes uitgeoefen. Dit was ten slotte hoofsaaklik ook deur die toedoen van die Duitsers dat die karakoelbedryf in Suidwes-Afrika gevestig is.

Die Afrikanerboere wat die land binnegekom het, het eweneens 'n belangrike invloed op die landelike posisie van die Blankes gehad. Hulle het boerdery selfs in die verafgeleë dele van die land aangepak en kan dus beskou word as die pioniers van Blanke vestiging in sommige landelike dele van Suidwes-Afrika. Die Afrikaners het ook ander vertakkinge van die landsekonomie gestimuleer en sodoende tot 'n sterker Blanke teenwoordigheid en rol op die platteland bygedra.